



# Kleinmond Straatwag

## Jaarverslag 2019

Opgestel deur Gustav Erlank

22 Mei 2019

**Ons is weer eens dankbaar om te kan rapporteer dat dit steeds goed gaan met Kleinmond Straatwag. Ons kan dit toeskryf aan die wye ondersteuning van die inwoners van die dorp en die onbaatsugtige diens van die klein groepie vrywilligers wat as lede van Kleinmond Nagwag, ons operasionele arm, die dorp 'n veiliger plek vir almal maak.**

Ons moet ook weer melding maak van die goeie samewerking tussen ons lede, die plaaslike SAPD, sekuriteitsmaatskappye, die munisipale afdelings vir Wetstoepassing en Verkeer, die Gemeenskaps-polisiëringsforum, die Kleinmond Belastingbetalersvereniging, die *Overstrand Herald* en ander rolspelers. Goeie samewerking en wedersydse vertroue het daartoe gelei dat ons misdaad in ons dorp kon beperk en ook kon wys dat ons paraat is.

### 1. Die organisasie van KSW

Kleinmond is in 10 wyke verdeel. Gereelde maandelikse bestuursvergaderings is gehou en tweeweeklikse terugvoering oor die misdaadsituasie in die dorp is so ver moontlik aan lede gedoen. Verteenwoordigers van die Proteadorp Inheemse Komitee (PIK) het onderneem om 'n buurtwag in daardie deel van die dorp van die grond te kry. KSW het sy ondersteuning aan hulle aangebied en hulle ook by KSW se bestuurskomitee betrek tot tyd en wyl hulle groter sekerheid het oor hoe hulle dit wil organiseer.

Inwoners en eienaars van eiendom in Kleinmond word deurlopend versoek om by KSW as lede te registreer (dit kan aanlyn op die KSW-webwerf gedoen word) en die KSW-bordjie by hulle huise te vertoon. Ons ledetal oor die afgelope 4 jaar was soos volg:

- Februarie 2016      1174
- Februarie 2017      1257
- Februarie 2018      1303
- Februarie 2019      1300

### 2. Kleinmond Nagwag – die operasionele arm

Lidmaatskap van KSW maak 'n persoon nie outomaties lid van die KNW nie. Mense sluit vrywillig by **KNW** aan. Voornemende lede moet 'n voorgeskrewe gedragkode aanvaar en 'n vrywaringsvorm onderteken. Die SAPS gaan dan hulle misdaadrekord na en 'n KSW-identiteitskaart word aan hulle uitgereik. KNW-lede gebruik hulle eie voertuie om georganiseerde patrolliewerk te doen. Uit die aard van die saak is daar uitgawes aan patrolliewerk verbonde en dit is die rede waarom KSW gereeld 'n beroep op sy lede en ook op besighede doen om te help met die patrollies en/of dit finansiëel te ondersteun. Sou enige lede nie in die posisie wees om hiermee te help nie, raak dit nie hulle lidmaatskap van KSW nie.

Ons patrollievrywilliger-getalle is besig om te daal:

- 2014/2015 275
- 2015/2016 255
- 2016/2017 200
- 2017/2018 154
- 2018/2019 92

In April 2019 was daar slegs 72 patrollie-vrywilligers beskikbaar omdat heelwat vrywilligers ongesteld of op reis was.

- Die daling in die aantal patrollieede plaas 'n groot las op bestaande lede. Ons is egter baie dankbaar vir hierdie lede se bereidwilligheid om Kleinmond 'n veiliger plek te maak.
- **Ons doen 'n baie ernstige beroep op al ons lede om asseblief meer betrokke te raak by die skofryery. Gesels ook met jul bure en vriende om hulle ook betrokke te kry.**
- Ek het die bereidwilligheid van ons patrollie-vrywilligers op 'n besondere manier beleef tydens die brand by Bettysbaai. Lede was bereid om mense uit Bettysbaai te verskuif na veiliger plekke. Hulle het ook vir twee aande daar patrollie gery om die area te help beveilig. Baie dankie daarvoor.
- Die Bestuurskomitee het nuwe radio's en flitse vir die skofte aangekoop. Dit is 'n groot verbetering en werk baie goed.
- Die Bestuurskomitee het ook 'n suksesvolle opleidingsgeleentheid vir patrollie-vrywilligers op 27 Maart 2019 gehou.
- Spesiale operasies is saam met die SAPD gedoen en 'n aantal patrollievrywilligers het met die jaarlikse KANSA-aflos gehelp deur die omgewing rondom Mthimkhulu dop te hou.

By ons donateurs is daar ook 'n dalende tendens:

- 2014/2015 414
- 2015/2016 412
- 2016/2017 312
- 2017/2018 297
- 2018/2019 157

Lede word een keer per jaar per e-pos gevra om KSW finansiel te ondersteun.

### 3. Weeklikse vergadering met die polisie (JOCOM)

Die sekretaris van KSW, Vic Brink, woon weekliks die JOCOM-vergadering met die polisie by. Hier word die verskillende instansies wat by misdaadbekamping betrokke is, ingelig oor die misdaadsituasie in soverre die polisie toegelaat word om dit bekend te maak en gee die instansies terugvoering aan die polisie. Hierdie gesprekke het dit moontlik gemaak dat inligting, wenke en waarskuwings oor die misdaadsituasie in Kleinmond tweeweekliks deur e-pos, die plaaslike koerant en sosiale media aan lede en die algemene publiek versprei kon word. **Daar word meestal deur middel van e-posse met lede gekommunikeer. Lede wat nie hierdie kommunikasie ontvang nie, word dus versoek om hulle e-posadres aan KSW te voorsien.**

Een lid van KSW se bestuurskomitee verteenwoordig ook KSW in die Kleinmond/Hangklip Veiligheids- en Sekuriteitsforum wat van tyd tot tyd met die Overstrand Munisipaliteit se Departement vir Wetstoepassing vergader om insette te lewer ten opsigte van hulle operasionele plan vir veral vakansietye wanneer derduisende mense die dorp besoek en die druk op veiligheidsdienste dramaties vergroot. Hierdie vergaderings vorm 'n verdere basis vir samewerking tussen die verskillende rolspelers.

#### 4. Gemeenskapspolisiëringsforum

KSW word deur sy voorsitter, Gustave Erlank, in die GPF verteenwoordig. Bestuurskomiteelid Johan Carstens staan vir hom in wanneer nodig.

#### 5. Gebeurlikheidsplan

Tydens die onluste in Kleinmond en die Bettysbaai-brande is **die gebrek aan 'n gebeurlikheidsplan vir Kleinmond, Bettysbaai, Pringlebaai en Rooiels** blootgelê. Ons het besluit om ons eie plan te ontwikkel en het dus 'n subkomitee onder leierskap van Gustave Erlank saamgestel om dit te doen. Die straat-/buurtwagte van bogenoemde dorpe is almal betrek en die plan is geskryf. Ons wag vir die laaste insette van ons buurdorpe en is besig om seker te maak die plan sluit aan by die rampbestuursplan van OM soos in die jongste hersiene GOP uiteengesit. Daarna kan die eerste inoefening gedoen word sodat elke lid weet wat van hom/haar verwag word.

#### 6. Spesiale Aanslaggebied – SAG-loodskomitee

Die Loodskomitee van die voorgestelde Kleinmond Spesiale Aanslaggebied, wat die moontlike vestiging van 'n Spesiale Aanslaggebied vir Kleinmond ondersoek, het die afgelope jaar onverpoosd hieraan gewerk. Dit bly 'n opdraande stryd om aan al die vereistes te voldoen en verby al die reserwes van OM hieroor te kom.

Die Loodskomitee het in die middel van Februarie 2019 met OM-amptenare in Onrusrivier vergader. OM se Finansiële Direkteur, me Santie Reyneke-Naudé; die Senior Bestuurder: Regsdienste, mnr Lionel Wallace; en die Direkteur van Beskermingsdienste, mnr Neville Michaels, het daar gesê dat die speelveld verander het vir die totstandkoming van Spesiale Aanslaggebiede wat die veiligheid van openbare ruimtes met aanvullende dienste wil verbeter. Dit het gebeur as gevolg van regeringskennisgewing 1114 in die *Government Gazette 41982* van 19 Oktober 2018.

Dit beteken dat die reserwes wat die verskillende OM-direktorate met die sakeplan van die voorgestelde Kleinmond SAG gehad het, nou tot 'n groot mate verval en dat die loodskomitee binnekort sal kan voortgaan met die proses. Die eerste taak is om die sakeplan (wat reeds meer as 'n jaar gelede ontwikkel is) aan te pas sodat dit steeds by die jongste hersiene Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) van die munisipaliteit aansluit en ook die jongste verwickelinge weerspieël.

Die konsep hersiene GOP het op 27 Maart 2019 verskyn. Die loodskomitee het dit ontvang, die sakeplan daarby aangepas en dit op 11 April 2019 aan die Finansiële Direkteur gestuur en vir kommentaar gevra. Tot op datum is geen terugvoering ontvang nie, wel 'n belofte dat die Loodskomitee teen die middel van volgende week terugvoering sal kry. Ons bly positief dat die proses steeds op spoor is. Eers nadat me Reyneke-Naudé die voorleggings goedgekeur het, kan ons die sakeplan in Kleinmond by openbare vergaderings en op 'n amptelike webwerf bekend maak.

In 'n neutedop behels die loodskomitee se plan 'n behoorlike kamera-stelsel vir die monitering van openbare ruimtes in Kleinmond. Die doel daarmee is om op 'n sigbare manier te help met misdaadvoorkoming en om doeltreffende rapportering aan wetstoepassing en die SAPD te verseker. 'n Beheerkamer sal hiervoor gevestig word en die dienste van 'n patrolliediens ingekoop word.

Alles is natuurlik slegs moontlik indien 60% of meer van Kleinmond se eiendomseienaars daartoe instem. Die stemproses sal direk na afloop van die openbare vergaderings kan begin.

#### 7. Kameras – ter inligting

Die OM Direkoraat vir Openbare Veiligheid het R100 000 in sy begroting vir sekuriteitskameras in Kleinmond in die konsep hersiene GOP opgeneem. Ons wag nog op meer inligting, veral oor waar die

kameras geplaas gaan word en wanneer dit sal gebeur. Die voorgestelde KSAG se kameras sal die res van die openbare ruimtes in die dorp dek, sou dit goedgekeur word.

## **8. Dankie vir uitsonderlike gemeenskapsdiens**

Intussen gaan KSW voort met sy normale bedrywighede en word daar steeds sterk gesteun op die vrywillige deelname, ondersteuning en finansiële bydraes van inwoners. Die misdaadsyfers vir Kleinmond was in die laaste kwartaal van 2018 en tot einde Februarie 2019 onaanvaarbaar hoog, maar dit het sedertdien baie afgeneem en was vir 'n paar weke op die laagste vlak in 'n baie lang tyd. Dit het ongelukkig weer die afgelope week sterk toegeneem. Mense is meer waaksaam, neem groter verantwoordelikheid vir hulle veiligheid en help dikwels met inligting wat tot arrestasies lei. Ons sê aan almal dankie hiervoor en vra dat ons op hierdie suksesse voortbou.

Die gereelde patrollie-vrywilligers asook die bestuurskomitee van KSW word ook gereeld bedank vir hulle onbaatsugtige diens aan die gemeenskap. **Ons wil graag hier ons dank en waardering herhaal.** Ons opregte dank ook aan die groep inwoners en besigheidseienaars van Kleinmond wat bydra tot die fondse van die organisasie. Sonder hierdie ondersteuning sal ons nie met die patrolliewerk kan voortgaan nie.